Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

2 Februarie 2022
Nuusbrief No 4

Liewe Ouers,
Ons leer en speel heerlik by die skool, en die kleutertjies raak by die dag gemakliker in hul nuwe klassies.

Personeel:

- Baie geluk aan ons Studentjuffrou van die Kalfieklas wat verlede Sondag verjaar het.
- Baie geluk, Dete! Hoop jy het lekker verjaar!

Hartjie-my-liefie-dag: 14 Februarie 2022:

- Dit het nou al tradisie geword dat Parkieland se kleuters elke jaar tydens Valentynsdag wys dat hulle omgee.
- Ons samel komberse, honde- en katkos, asook allerlei ander benodigdhede in vir Wollies Diereskuiling en skenk dit dan op 14 Februarie aan hulle.
- Wollies se wenslysie lyk soos volg:

Geblikte honde- en/of katkos
Milko-Pup
Kosbakkies
Hond- en/of katspeelgoed
Hondesjampoe
Koerantpapier
Hondemedisyne:
- F10,
- Vlooi- en luisbehandeling
- Protexin ens.

Droë honde- en/of katkos
Honde- en/of katlekkernye
Komberse
Tennisballe
Ou handdoeke
Skoonmaakprodukte (skottelgoedseep,
Katmedisyne:
- Felisine
- Antezole (ontwurming)
- Hibitane (om wonde skoon te maak)
- Oti Clear (ore skoonmaak)
- Frontline (luis- en vlooibehandeling)
- Karbadust (insekafweermiddel)
- Babapoeier
- Watte
- Oorstokkies

- Alle kosvoorrade en ander items kan na die onderskeie klasonderwyseresse gestuur word.
- Ons skenk ook 'n spesiale versierde koek vir almal wat by Wollies se kantore werk om dankie te sê vir die goeie werk wat hulle doen. Baie dankie aan Sharisé Janse van Rensburg en die Ouerkomitee wat die skenking van die koek hanteer het.
- Neem asseblief met entoesiasme aan ons projek deel en wys aan u kleuter dat u ook omgee.

- Ons wil kolwyntjies versier vir liefie-dag as 'n bederf vir ons kleuters. Mammas wat onversierde kolwyntjies, versiersuiker en eetbare versierings wil stuur moet asseblief op die klasgroepe dit so reël.
  Ons vra dat ouers nie ander items sal bring om te nuttig nie, 'n kolwyntjie is meer as genoeg vir 'n lekker bederf!

Pretloop: Donderdag 24 Februarie 2022 om 17:45: Projekkode vir inbetalings: P729:

- Ons herinner u net daaraan dat alle getalle vir die boeties en sussies wat gaan deelneem aan die Pretloop asseblief more ingedien moet wees.

Mighty Minds Instappie Gr 00: Donderdag 3 Februarie 2022: Projekkode: P728

- Al die **Gr 00'e (Olifante en Kameelperde)** ontvang op 3 Februarie 'n opvoedkundige besoek van Mighty Minds: "Grond is lewe".
- Vul asseblief die toestemmingsbriefie in en stuur terug skool toe tesame met die **R50 betalingsbewys.**
- Trek asseblief 3 Februarie Parkieland-hempies aan, alle Olifante en Kameelperde.

Enter Active Instappie Gr 000: Donderdag 10 Februarie 2022: Projekkode: P728

- Op 10 Februarie besoek Enter Active ons skool se Gr 000-groep.
  Dit is in die vorm van 'n poppekas en die tema is "Ek is lief vir almal".
- Vul asseblief die toestemmingsbriefie in en stuur terug skool toe tesame met die **R50 betalingsbewys.**
- Trek asseblief 10 Februarie Parkieland-hempies aan, alle Hasies en Eendjies.

Jêmbekkie:

Verlede week kry die Gr 00 maatjies vir "huiswerk" die opdrag om uit te vind wat 'n argitek beteken. Een van die dogtertjies is so opgewonde en vertel: "'n Argitek is iemand wat op huise teken, Juffrou!"
Een van die seuns wou ook weet hoekom hy moet gaan uitvind wat die woord argitek beteken...
"Weet Juffrou dan nie?"

Geseënde week verder vir elke gesin!

Vriendelike Parkielandgroete.

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

Ouderdomstoepaslike verwagtinge

- Op 2 moet peuters al begin om hulself aan- en uit te trek.
- Hulle moet hul basiese behoeftes benoem.
- Hulle moet 2 eenvoudige opdragte kan uitvoer bv: "Bring jou skoene en sit dat Mamma dit vir jou aantrek."
- 'n 2-Jarige se woordeskat kan bestaan tussen 50 en 300 woorde.

- Op 3 maak 'n peuter gebruik van 3-woord sinne.
- Kan gemakliker hulself aan- en uittrek.
- Begin om langer te konsentreer op spel/uitvoering van take.
- Begin om makliker van ouers/versorgers te skei.

- 4-Jariges het 'n woordeskat van meer as 1000 woorde.
- Hulle sinne bestaan uit ten minste 4 woorde.
- Kleuters is nou baie nuuskierig en begin baie vrae vra.
- Hulle kan eenvoudige liedjies sing.
- Kleuters probeer ook nou om meer selfstandig te wees.
- Dit is normaal vir hulle om te lyk of hulle "rebelleer" wanneer hulle oorweldig begin voel. (Hulle benodig nou baie positiewe aanmoediging en aansporing).

- 5-Jariges beskik oor 'n woordeskat van meer as 2000 woorde.
- Hulle kan 'n ouer se selfoonnommer onthou.
- Hulle ken byna al die kleure.
- Hulle begin verantwoordelikheid aanvaar vir hul dade en kan om verskoning vra wanneer dit nodig is.
- 5-Jariges begin om ander se opinies te aanvaar, selfs al verstaan hul dit nie.